# RANDJIENUUS

## 5 JUNIE 2025

## PRODUKSIE – *ALLES IN WONDERLAND*

Vier dae, nege optredes, 98 akteurs, 30 tegnici, 11 personeel en maande se harde werk. En so het ons skool se tweejaarlikse produksie, *Alles in Wonderland*, Saterdagaand, die 17de Mei hulle laaste buiging gemaak. Die opvoering het groot lof van die gehoor ontvang met selfs mense uit die bedryf, wat opmerkings gemaak het soos, **"Ek dink julle moet dit Johannesburg-teater toe vat"** en, **"Die stuk het potensiaal om professioneel opgevoer te word".** Hierdie produksie is gekenmerk deur 'n fenomenale hoeveelheid talent en energie wat op een verhoog bymekaargekom het. Baie dankie aan al die Randjies en die span onderwysers wat 'n onnoembare hoeveelheid ure gewerk het om hierdie spesiale produksie op die planke te bring!





# ONTMOET ONS KARAKTERS




















Caterpillar
Barbie & Ken
Kerkmuis
Donnerdag
Cheshire Cat
Wally
Merpeople
Withaas
Withaas


Hofnar
Hofdame


Icebergs


Roosblaarbult
Karakters


DJ Humpty Dumpty,
Tinker Bell, Wally,
Peter Pan, Pinocchio


Rooi-Paleiswagte


YS-PALEISDANSERS


WONDERLAND FAUNA & FLORA


Kaartsoldate


JACKS


ROOSBLAARBULT DORPENAARS


JOKER
APPLAUSE



# ***COMRADES MARATHON*** **– MATRIEKS GEE TERUG!**

Die graad 12's het op 29 Mei vir **Thomas** 'n spesiale geskenk gegee om hom sterkte vir sy 18de *Comrades Marathon* toe te wens. Thomas werk al baie jare by ons skool en glo vas dat sy prestasie by die *Comrades* direk met die matrieks se uitslae aan die einde van die jaar verband hou. Sterkte Thomas, ons graad 12-leerders staan bankvas agter jou!












## SKEPPENDE KUNS

**Herwinning ontmoet kreatiwiteit** - Ons **graad 8-leerders** het hul kreatiwiteit ten volle met 'n opwindende Skeppende Kuns projek ontgin! Die uitdaging? Skep beelde uit herwinbare materiale. Die resultate was oorspronklik, treffend en vol karakter. Hier is net 'n paar van die inspirerende kunswerke waarmee hulle vorendag gekom het.



# GEOGRAFIE GRAAD 10- & 11-UITSTAPPIE

Ons **graad 10 Geografie-leerders** het op 23 Mei 'n onvergeetlike dag tydens hul jaarlikse besoek aan die *Bat Caves* beleef. Die groep het die geleentheid gekry om te abseil en deur die indrukwekkende grotte te kruip – 'n ervaring wat baie opwindend was. Dankie aan die personeel en begeleiers wat dit moontlik gemaak het.






Ons **Graad 11-leerders** het tydens hul besoek aan die pragtige Magaliesberg *Canopy Tours* 'n onvergeetlike ervaring gehad. Ten spyte van die koue wind in die kloof, was hul gees warm en vol opwinding. Die uitstappie was nie net pret nie, maar ook opvoedkundig – leerders het eerstehands meer oor die geologie, ekosisteme en toerisme van die streek geleer. Baie dankie aan ons begeleiers en die personeel van *Canopy Tours* vir 'n veilige en leersame avontuur!



# SPORT

## SKAAK


Klarissa, Christi, André en JG

Op Saterdag, 24 Mei het ons Randjies by Delta Park School aan die *Cluster*-uitdunne vir die Gauteng Individuele Skaakkampioenskappe deelgeneem. Christi Nickols (gr. 9), Klarissa Pretorius (gr. 12), André Redgard (gr. 11) en JG Luus (gr. 12) het ons met trots verteenwoordig.

Baie geluk aan **Klarissa, JG en Christi** wat dit tot in die top ses gemaak het en na die volgende rondte deurdring. 'n Spesiale gelukwensing aan **Klarissa** wat 'n uitstekende tweede plek behaal het.





## SUID-GAUTENG HOKKIESPAN

Baie geluk aan **Lizè Greeff (gr. 10)** wat in die o/16D Suid-Gauteng hokkiespan opgeneem is wat van 14 tot 18 Julie in Nelspruit gaan deelneem. Baie sterkte, Lizè, ons is baie trots op jou!










## JUDO

Baie geluk aan **Larene Botha (gr. 8)** wat aan die Wesrand Judo Distrikkampioenskappe deelgeneem het. Sy het 'n silwer vir haar Kata gekry. Larene gaan in Julie aan die Suid-Afrikaanse Judokampioenskappe deelneem. Baie sterkte, Larene! Jy maak ons baie trots!



# FIETSRY – KAPTEIN-INHULDIGING

***CycleLab* Kaptein-inhuldiging -** ons is ongelooflik trots om aan te kondig dat **Jayden Naudé en Natasha Swart, albei matriekleerders** by ons skool, as vanjaar se fietsrykapteine aangewys is! Tydens *CycleLab* se jaarlikse kaptein-inhuldiging het hulle elk 'n spesiale armband ontvang wat hulle met trots tydens resies sal dra.










'n Groot oomblik vir Jayden was toe sy foto op 'n **massiewe plakkaat** voor *CycleLab* Lynnwood vertoon is, met die inspirerende leuse: *"Shaping future riders. Building the sport of MTB from the ground up."*

## SKIET

Die GSSU Liga 2 het op 16 en 17 Mei by Hoërskool Florida Skietbaan plaasgevind en ons skuts het weereens met hulle resultate gewys dat 'n Randjie 'n kolskoot kan skiet!

**Sporter o/21**

1\. Bianca Jansen van Rensburg
3\. Etienne Van Der Merwe
4\. Kyle Fölscher
8\. Dané Moolman
9\. Byron De Bruyn

**Sporter o/16**

4\. Annabelle Kirstein
15\. Janco Snyman

**Sporter o/14**

1\. Karien Botha
3\. Minay Van Der Merwe
5\. Neil Knoesen
9\. Reuben Pelzer

**Pistool o/21**

2\. Chantal Van Der Bank

**Pistool o/16**

4\. Maddison Burgess



# LANDLOOP

Ons atlete het die afgelope seisoen aan ses liga-byeenkomste deelgeneem en het met deursettingsvermoë en toewyding hul beste gegee. Die top 20 atlete per ouderdomsgroep is gekies om aan die Interdistrik Landloopbyeenkoms deel te neem. Ons is trots om aan te kondig dat die volgende atlete na die Interdistrikspanne deurgedring het:

**Junior Seuns:**
Nardus Breedt, Johan Jooste, Luke Cloete, Johnathan Hodgson

**Junior Dogters:**
Megan Kleynhans, Lea van Heerden, Lyla Greeff, Carla Brummer, Carli Coetzee, Leané Grobler

**Senior Seuns:**
Edgar van der Spoel, Zivan Pruis

**Senior Dogters:**
Else Badenhorst, Daniella Kitching



Baie geluk aan elkeen van julle – julle harde werk en toewyding word raakgesien. Sterkte met die volgende uitdaging – **ons staan agter julle!**









FUN-RUN










# HOKKIE

## NOORDVAAL-UITSPELE

Al vier ons A-**dogtershokkiespanne** kwalifiseer vir die Noordvaal-uitspele. Die hokkiedogters het amok op die hokkieveld gemaak.



**Kwartfinaal:**
Randburg o/14 vs Bastion (4-0)
Randburg o/15 vs Bastion (7-0)

**Semi-finaal:**
Randburg o/14 vs Noordheuwel B (1-0)
Randburg o/15 vs Noordheuwel B (0-2)
Randburg o/16 vs Fochville (4-0)
Randburg Eerste span vs Riebeeckrand (8-0)

I ♥ HOCKEY

Ons **hokkiedogters** het op 24 Mei die D2-/D12-liga finale wedstryde gespeel. Ons is baie trots op al ons hokkiedogters wat baie hard tydens die liga gewerk het en fantastiese uitslae gelewer het. Die spanne eindig in die volgende plekke in die liga:




- ★ o/14 - Tweede in liga
- ★ o/15 - Derde in liga
- ★ o/16 - Eerste in liga
- ★ Eerste span - Eerste in liga



**NOORDVAAL, HIER KOM ONS!**

Ons **seunshokkie** het op 26 Mei in 'n opwindende ligawedstryd met Hoërskool Noordheuwel kragte gemeet. Met 'n **eindtelling van 4-3 het ons Eerste span** 'n puik oorwinning behaal! Dit is fantasties, baie geluk!






**HOKKIE-UITSLAE - LIGA**

- ★ Randburg o/14A (2) vs Krugersdorp High School (1)
- ★ Randburg o/16A (0) vs Krugersdorp High School (5)
- ★ Randburg o/16A (0) vs *Junior Boys* Heronbridge (1)
- ★ Randburg Eerste span (1) vs Heronbridge (2)



# KRIEKET

Tydens die afseisoen speel ons **seunskrieket** in verskillende toernooie. Die LPL is een van die sterkste kompeterende toernooie en ons seuns skitter helder.

**Die volgende seuns verteenwoordig verskeie spanne:**

***Sporting Supermen***

- ★ Andrew Holmes
- ★ Graeme Kitching
- ★ Kael Farquhar
- ★ Leonardo Carreira

***Queensland Griffons***

- ★ Bion Meyer
- ★ Thinus Otto
- ★ Joshua Swart
- ★ Joshua Kitching

***Jozi Warriors***

- ★ Aidan Hough

***Celestial Knights***

- ★ Tiaan-Rick Swannepoel

***Tasmanian Devils***

- ★ Liam Peek








## KRIEKETKLUB - VROUESPAN

**Alyssa Edwards** (gr. 9) is deel van Randburg Krieketklub se vrouespan wat tans aan die *Jozi Cup* deelneem. Sy het twee wedstryde gespeel. Met die tweede wedstryd het sy **drie** paaltjies gevat en slegs **12 lopies** in **vier** boulbeurte afgestaan met een *maiden over* en 'n ekonomie van **drie**. Welgedaan, Alyssa! Ons hou jou dop.



# RUGBY

Hiermee die uitslae van die rugbyspanne se ligabepaling teen Potchefstroom Gimnasium en Hoërskool Jeugland. Ons seuns het alles op die veld teen Jeugland-span gegee. Dit was strawwe kompetisie van begin tot die einde, maar ons spelers het hul man met trots en deursettingsvermoë gestaan. Hou so aan, Manne!

| Span | Hoërskool Randburg | Potchefstroom Gimnasium | Span | Hoërskool Randburg | Hoërskool Jeugland |
|---|---|---|---|---|---|
| O/14 A | 13 | 17 | O/14 A | 0 | 17 |
| O/14 B | 17 | 0 | O/14 B | 12 | 0 |
| O/15 A | 12 | 14 | O/15 A | 15 | 12 |
| O/15 B | 0 | 52 | O/15 B | 5 | 24 |
| O/16 A | 23 | 19 | O/16 A | 36 | 0 |
| O/16 B | 28 | 0 | O/16 B | 50 | 5 |
| Derde span | 14 | 5 | Derde span | 26 | 14 |
| Tweede span | 13 | 22 | Tweede span | 7 | 22 |
| Eerste span | 33 | 33 | Eerste span | 23 | 47 |



# NETBAL

## Randburg vs Linden Netbal Ligawedstryd Derby – Wat 'n Dag!

Dit was propvol opwinding toe Randburg en Linden mekaar op die netbalbane ontmoet het. Onder blou lug en met honderde ondersteuners langs die kantlyn, het die atmosfeer van gees, trots en passie gekook! Die Randjies het sterk opgedaag – nie net op nie, maar ook langs die baan. Met vlae, ‘n gesing en volgehoue ondersteuning het hulle elke oomblik saam met hul spanne beleef. Randburg het ses wedstryde gewen, een gelykop gespeel en vier wedstryde net-net verloor. ’n Groot dankie aan elke ouer, vriend, afrigter en speler wat die dag onvergeetlik gemaak het. Die gees van sportmanskap en spanlojaliteit was duidelik sigbaar.











Believe and Achieve
NETBAL
HOËRSKOOL LINDEN
GS
WA
GILBERT

# Liga-netbal: Randburg vs Randpark en Florida

### Randpark High School

Baie geluk aan ons spanne met **sewe** goeie oorwinnings, die uitslae is soos volg:

| SPAN | RANDBURG | RANDPARK |
|---|---|---|
| O/14A | 20 | 13 |
| O/14B | 23 | 10 |
| O/14C | 10 | 12 |
| O/14D | 13 | 16 |
| O/15A | 14 | 18 |
| O/15B | 26 | 11 |
| O/15C | 24 | 3 |
| O/16A | 27 | 11 |
| O/16B | 22 | 8 |
| O/16C | 5 | 2 |
| O/17A | 15 | 27 |
| Tweede span | 23 | 24 |
| Eerste span | 15 | 38 |




### Hoërskool Nelspruit (vriendskaplike wedstryd):

Van ons netbaldogters het op 17 Mei teen Hoërskool Nelspruit kragte gemeet. Dankie vir die geleentheid!

| SPAN | RANDBURG | NELSPRUIT |
|---|---|---|
| O/14A | 16 | 26 |
| O/15A | 25 | 15 |
| O/16A | 13 | 13 |
| Eerste span | 14 | 22 |



### Hoërskool Florida

Hiermee die netbaluitslae. Ons netbaldogters eindig die liga-seisoen op 'n hoë noot teen Hoërskool Florida. Ons is trots op julle. Hiermee die netbaluitslae:

| SPAN | RANDBURG | FLORIDA |
|---|---|---|
| O/14A | 14 | 8 |
| O/14B | 32 | 7 |
| O/14C | 16 | 7 |
| O/14D | 26 | 0 |
| O/15A | 44 | 6 |
| O/15B | 33 | 2 |
| O/15C | 15 | 15 |
| O/16A | 18 | 16 |
| O/16B | 12 | 15 |
| O/16C | 16 | 7 |
| O/17A | 27 | 9 |
| Tweede span | 41 | 5 |
| Eerste span | 19 | 20 |





# FIETSRY

Randburg **fietsry** het op 31 Mei by Riversands Farm Village ‘n fantastiese dag gehad. Ons is trots op al ons fietsryers wat reeds so goed met die eerste resies gevaar het.

- **Twee eerste plekke** - wat dus die geel *race leader jerseys* kry (broers **Evan en Jayden Naudé**)
- **Tweede plek** (**Hannah Lansdell** - tuisonderrig leerder)
- nog **drie plekke onder die top tien (Natasha Swart, Erik Breedt en Kirstin Roos** - tuisonderrig leerder)
- en nog leerders **onder die top 20 (Leané Grobler, Reinhardt Strydom)**



# KULTUUR

## DANS

*TADA EASTER X-TREME COMPETITION*

**Arnel Swart (gr. 12)** het onlangs aan *The All-Style Dance Association* se *Easter X-Treme* kompetisie deelgeneem. Sy het weereens uitstekend presteer:

- ★ *Contemporary* – tweede plek
- ★ *Jazz* – tweede plek
- ★ *Lyrical Improvisation* – eerste plek
- ★ Jazz Duet – eerste plek
- ★ *Latin* – eerste plek (Sy wen die *Cha Cha, Samba, Rumba, Paso* en *Jive*)
- ★ *Cha Cha Duet* – eerste plek
- ★ *Afro Fusion* – derde plek
- ★ *Hip Hop* – eerste plek
- ★ *Hip Hop Duet* – eerste plek
- ★ *Mega* – derde plek









*WLDF BENT ON ACRO*

**Lia Pretorius (gr. 11)** het onlangs aan die *World Lyrical Dance Foundation* se *Bent on Acro* kompetisie deelgeneem waar sy die volgende uitstekende uitslae behaal het:

- ★ *Lyrical Level 1* Onder 18: eerste plek
- ★ *Jazz Level 1* Onder 18: eerste plek






*NEA YOUNG PERFORMERS AWARDS*

Die NEA bied jaarliks die *Young Performers Awards* vir die toppresteerders van die Eisteddfod van die vorige jaar aan. Twee van ons leerders het na die **semi-finale ronde** van die gesogte kompetisie deurgedring. **Malea Avis (gr. 9)** het in die drama-afdeling 'n ongelooflike werk gelewer en **Janique Kruger (gr. 10)** het met 'n pragtige liriese dans in die dansafdeling deelgeneem.

*Trots op jou, Janique!*











*PULSE THE NEXT LEVEL OF DANCE*

**Arnel Swart (gr. 12)** het aan die *Pulse the Next Level of Dance Competition* by die *Joburg Theatre* deelgeneem. Sy het weereens uitstekende resultate behaal:

- ★ *Latin Velocity Trio (Adult Championship Open Trio)* – Eerste plek
- ★ *Savage Sync Hip Hop Duo (Adult Championship Duo)* – Eerste plek
- ★ *Sassi-Faction Jazz Group (Adult Amateur Small Group)* – Eerste plek
- ★ *Latin Lagacy Solo (Adult Championship Open Solo)* – Vyfde plek
- ★ *Dangerous Hip Hop Solo (Adult Championship Hip Hop Solo)* – Vierde plek






*DANCE X SOUTH AFRICA*

Sy het op 24 Mei aan die *Dance X South Africa Festival* deelgeneem en die volgende uitstekende resultate behaal:

- ★ *Sassi-Faction Jazz Group: Xquisite Gold (90-100%)*
- ★ *Dangerous Hip Hop Solo: Gold X (85-89%)*
- ★ *Latin Legacy Latin Solo: Xquisite Gold (90-100%), Special Award: Sizzling Legs of Action*
- ★ *Latin Velocity Latin Trio: Xquisite Gold (90-100%), Judges Special Award*
- ★ *6th Element Hip Hop Crew: Gold X (85-89%)*

Arnel (regs op foto) ontvang die toekenning as die ***Top Senior Latin Dancer*** en al die bogenoemde danse kwalifiseer vir die nasionale ronde. Dit wil gedoen wees, baie geluk met jou mooi uitslae, Arnel.



## OORKLANKWERK

**Malea Avis (gr. 9)** speel die rol van Rosa in die Afrikaanse oorgeklankte weergawe van die Brasiliaanse telenovela, *Land of Desires* – oftewel Plaas van Passie, tans op kanaal 145 op DSTV te sien. Ons is baie trots op jou, Malea!



## REDENAARS

**Reuben Pelzer (gr. 8)** het op 11 April aan *The South African Literacy Association* se Afrikaanse Redenaarskompetisie deelgeneem. Hy behaal **'n A+-simbool (94%)** en dring deur na die semi-finale ronde wat op 7 Junie in Randfontein plaasvind. Baie sterkte vir die volgende ronde. Baie geluk en ons is baie trots op jou.



## KOOR

Ons **koor** het op 19 Mei by Laerskool Fontainebleau tydens hul saalbyeenkoms gaan sing. Die koor is baie goed ontvang en Fonties het die musiek baie geniet. Hulle was veral beïndruk met al die produksie-karakters wat hulle in die koor gesien het. Ons is baie trots op die koor en hulle deelname aan die produksie.




Ons koor het op 31 Mei op uitnodiging van die UP Jeugkoor aan die *Cantus Festival 2* deelgeneem. Die Randjies het te midde van die eksamen opgedaag en die gehoor op hulle voete gehad. Dit was 'n wonderlike ondervinding om saam met uitsonderlike kore op te tree – beslis een om onthou te word!

UP YOUTH CHOIR PRESENTS
CANTUS FESTIVAL 2



## MONOLOOG

Die Allegretto-monoloogfees is 'n kompetisie waar jy jou eie monoloog met 'n kamera afneem en instuur om beoordeel te word. **Nicole de Klerk in gr. 12** is een van die top 8 wat aangekondig is. Hulle moet nou na die terugvoer van die beoordelaars luister en die video dan weer skiet. Die top drie sal dan aangekondig word. Sterkte, ons hou duim vas.











*Baie geluk, Nicole, ons is trots op jou!*

## EISTEDDFOD

*Con Spirito* Eisteddfod Streeksuitdunne

**Malea Avis (gr. 9)** se uitslae:
Fotografie: A++ (92%)
Kuns - Gemengde Medium: A++ (94%)
Dans - Ballet: A+ (89%)

**Kara Behrens (gr. 9)** het ook deelgeneem:
Sy was deel van 'n ballet kwartet, *Spanish Waltz*, wat in die graad 11-ouderdomsgroep deelgeneem het. Hulle het 'n gemiddeld van 90% gekry.










**Ilana van den Berg (gr. 10)** het ook tydens *Con Spirito* se streeksuitdunne pragtige uitslae in die Kuns- en Fotografie-afdelings behaal:

- ★ Gemengde media: 85% (A+)
- ★ Houtskool: 90% (A++)
- ★ Olieverf: 92% (A++)
- ★ Fotografie: 94% (A++)

*Baie geluk, Malea, Kara en Ilana, ons is trots op julle mooi prestasies!*







## Klerebank

Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15 oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie! Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorainne Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

**EKSAMENTYD – ENIGE TYD OOP**


**Kaartbetalings alleenlik na 14:00**




## Randjie Gebedswag

(Randjie-ouers & -onnies wat bid)

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf 07:30 tot 8:30 in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u Jackie Krüger by 083 651 8172 skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



**CSV**
**Donderdae, 07:30 tot 08:30 in SAU.**
**Almal is welkom!**



## Parkering

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders **'gou-gou'** op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.**
**<u>Prosedure</u>:** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.

**<u>Algemene reëls vir parkering:</u>**



1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

# ADVERTENSIES

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**

Insure SPR
Precision Healthcare

## INSURESPR HEALTH

VISIT US FOR ALL YOUR X-RAYS AND BONE DENSITY NEEDS.




**Bone density services**



**DXA Body Composition**



**General X-rays**

**BONE DENSITY SERVICES**
We screen and monitor bone health, particularly for patients with osteoporosis or those at risk of fractures.

**DXA BODY COMPOSITION**
We provide accurate body fat, muscle mass, and bone density measurements, ideal for athletes and individuals are managing their weight and fitness(gym goers)

**GENERAL X-RAYS**
Our comprehensive imaging services offer quick and precise diagnosis for various medical conditions.

**Book an appointment**
Tel : 010 001 9997
Cell : 083 450 7861

**Visit us**
E-MEDCENTRE,
7 MALIBONGWE DRIVE

## #YOUCANDOSCIENCE

**Aanlyn Fisiese Wetenskap lesse**

- Grade 9 tot 12
- CAPS vir NSC en IEB eksamens
- Dek volledige kurrikulum
- Video lesse
- Notas
- Toetse met volledige antwoorde
- Eksamen vrae met memo wat antwoorde verduidelik
- Onbeperkte toegang tot al die lesse van al die grade
- Vorderingsverslae van leerders
- Wetenskap woordeboek

**NUUT: Graad 9 Natuurwetenskap (Chemie en Fisika komponente)**

**Volledig in Afrikaans en Engels**

Vir gratis demo lesse, pryse en meer inligting:
www.youcandoscience.co.za
Ontwikkel deur ervare wetenskap onderwysers.

## JOZI COUNSELLING

GEREGISTREEDE TRAUMA BERADER

**KARIN PAMPEL**
BComm (Bedryfsielkunde) (UJ)
BA Hons (Sielkunde) (UNISA)
BPsych
**Praktyknommer: 0414581**
**HPCSA REG: PRC0012700**

**BERADING**
Volwassenes, Tieners en kinders, Angs en ligte depressie, Rouberading, Afknouery, Emosionele ondersteuning, Gesinskonflik, Ouerskapvaardighede, Verhoudingsprobleme, Streshantering, Traumaberading, Pastorale / Christelike berading



Mediese fonds tariewe geld
Berading in Engels en Afrikaans
Aanlyn of persoonlik

010 001 9997 / 082 565 2704 | karin@jozicounselling.co.za | E-MEDCENTRE 18 Aimee St, Ruiterhof, Randburg




TRIUMPH
Mathematics
Wiskunde Privaattutor
By Triumph Mathematics
verdien kinders om hulle
volle potensiaal te bereik.
En 'siblings' geniet nou 20% afslag!
Kontak ons gerus:
Karlienjohnson1@gmail.com
www.triumphmaths.com
082 566 5917


COL'CACCHIO
NORTHCLIFF
KIDS' PLAY AREA
SALT
PEPPER
every wednesday
2 FOR 1
BUY ANY PIZZA, PASTA OR
SALAD & GET A ANOTHER
ONE FREE.
FUNCTION VENUE | SIGNATURE MENU
L'CORRO SHOPPING CENTRE | 011 431 3538
OFFER VALID ON WEDNESDAYS FOR A LIMITED PERIOD ONLY. SIT-DOWN AT
COL'CACCHIO NORTHCLIFF ONLY. CHEAPEST ITEM IS FOR FREE. T&CS APPLY.




HOËRSKOOL RANDBURG
SIMFONIE-ORKES
KONSERT
18 & 25 Junie 2025 | 18:30
Hoërskool Randburg Ouditorium
Kontak Robyn by
063 827 5591
vir meer inligting
R100 per persoon
Slegs kontant by die deur
Sluit 'n drankie in
EFT Betaling na:
HOËRSKOOL RANDBURG
ABSA
TAKKODE: 632005
REKENINGNOMMER: 170 6800 65
VERWYSING: MMS Orkes + Van + 18 of 25
Stuur bewys van betaling aan:
magneetskool@hsrandburg.co.za


Natural Honey
Discover
The Sweetness
of Nature
Visit our Highveld Honey Farm Shop at 186 Uys Street,
Benoni for the finest Farm Fresh Honey.
Open Monday to Friday 8:00am - 5:00pm
& Saturday 8am - 1:00pm
100% Pure and Natural Raw Honey
Locally Produced by Our Own Bees
Rich in Flavour
www.highveldhoney.co.za
011 849 1990
@highveldhoneyfarms

**CEDAR SOLAR**

## Sny jou kragrekening met sonkrag – Kry 'n GRATIS

# ENERGIE OUDIT

**GRATIS OUDIT**



Vind uit hoeveel jy kan bespaar met 'n pasgemaakte sonkragoplossing – geen koste, geen verpligting.

- Cedar Solar is gebaseer in Honeydew ✓
- Vinnige, lokale ondersteuning in JHB ✓
- 15 Jaar in die industrie ✓
- Gekwalifiseerde In-Huis Tegnikusse ✓
- Goedgekeur by Groot Banke ✓






Google rating
4.7 ★★★★★

**WhatsApp 060 893 2996 om 'n terreinbesoek te bespreek.**

**Besoek Ons Vorige Projekte Aanlyn**
www.cedarsolar.com

**Cedar Solar - 011 794 4664 - info@cedarsolar.com - Unit 8 Cranberry Industrial Park, Honeydew, 2170. T& C's Apply.**



*Just Listed*

**R 3 495 000**

## Off-Grid Family Oasis

**PRESIDENT RIDGE**
**FERNDALE / ROBINDALE**

*Naby Randburg Hoërskool & Unike Laerskool*

**PROPERTY FEATURES**

5 Bedrooms
3.5 Bathrooms
2 Living Rooms
Gourmet Kitchen, scullery
Work from home office
Double Garage
Workshop/extra parking

Borehole
8kVA Solar System
Inverter 2 x 5kW batteries
Gas Geysers
Water 3 x 5000 L tanks
Gas Fireplace
Heated Pool
Alarm with phone app
Electric Fencing
Boomed suburb







REAL ESTATE SERVICES

**CONTACT: KIM | 071 870 9567**

*REGISTERED WITH THE PPRA*

# WINTER IS OPPAD:
# IS JOU SEKURITEIT REG?


Terwyl die winter nader kruip, is baie van ons besig om ons klerekaste uit te pak en die tuin reg te maak. Maar het jy al daaraan gedink om jou huis se sekuriteit ook 'n bietjie aandag te gee?

Met die dae wat korter word en die nagte langer, is dit die perfekte tyd om jou sekuriteitstrategieë te bekyk en seker te maak hulle is reg vir al die uitdagings wat die koue bring.

Ons stel voor dat jy so gou moontlik jou sekuriteitstelsels deeglik nagaan. Kontak jou sekuriteits-maatskappy en toets die alarm en paniekknoppies. Reël sommer 'n tegniese diens indien nodig.

Hierdie toets is baie belangrik! As die stelsel nie reg werk nie, sal die paniek sein dalk nie by jou sekuriteitsmaatskappy uitkom nie, en hulle sal dalk nie eers weet daar is 'n noodgeval by jou huis nie.

Die beste is om by die buitekant van jou erf te begin en so na binne te werk. Dink soos 'n skelm en kyk of jou heining of mure, tuin, vensters, deure, tuinskuur, motorhuis, ens. enige swak plekke het wat 'n skelm kan gebruik tot sy voordeel.




## FIDELITY ADT BIED NOG 6 LEKKER WENKE AAN OM HIERDIE WINTER VEILIG TE BLY:

**1**
Maak seker jou straatnommer is steeds duidelik sigbaar in die geval van 'n noodgeval. Dit kan kosbare tyd spaar vir die reaksiespan as hulle moet kom help.

**2**
As jy jou honde saans binne bring, vra jou sekuriteitsmaatskappy om jou alarmstelsel so op te stel dat dit steeds 'n vroeë waarskuwing gee, al is die diere binne.

**3**
Verseker dat jy 'n rugsteunkragbron het om ligte, hekmotors, en sekuriteitstelsels te alle tye aan die gang te hou.

**4**
Sit eksterne sensors vroegaand al aan sodra almal by die huis is.

**5**
Wees wakker en op jou hoede wanneer jy by die huis wegry en aankom. Misdadigers maak gebruik van die langer ure van donkerte in die winter en is nie bang vir die koue nie!

**6**
Maak seker jou sekuriteitsmaatskappy het die nuutste kontakbesonderhede van die sleutelhouer.

Sekuriteitsbehoeftes verander saam met die seisoene. Terwyl ons voorberei om meer tyd binnenshuis deur te bring, kan jy met hierdie wenke die gemoedsrus hê om te weet dat jou sekuriteitsroetines net so wintergereed is soos jy!

FIDELITY SERVICES GROUP
ADT

086 12 12 400 / 086 12 12 401
www.adt.co.za
facebook.com/ADTsa
@fidelity_adt_security
@FidelityADT

# JUNIE 2025

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| | | | | | | |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| Netbal: Interdistrik-netbal uitspele (t) o/12-o/18<br>Landloop: Spanfinaal Pta. Boys High | Netbal: JOMO Uitspele (Florida)<br>Dogtershokkie vs Northcliff (w) | | Verjaar: F Fouché<br>Thomas Maluleke | Verjaar: A de Wit<br>Netbal: Jomo uitspele (Crawford)<br>Landloop Interdistrik Individueel St Stithians<br>Skiet: GSSU liga 3 | Rugby & Hokkie: BOWL Ermelo (w)<br>Netbal: Jomo uitspele (Crawford) o/12-o/18<br>Skiet: GSSU liga 3<br>ATG Karate – Atrium 07:00 | |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| Verjaar:<br>R van Rensburg<br>BL-Vergadering | | Verjaar:<br>S van den Berg | Seunshokkie Liga uitspele | Netbal: GSN P/S Uitspele (t)<br>Netbal: Spur o/17 Florida | Netbal: GSN P/S Uitspele (t)<br>Netbal: Spur o/17 Florida | Vadersdag<br>Netbal: GSN S/S Uitspele (t)<br>Netbal: DSTV o/19 Florida |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| Jeugdag<br>Netbal: GSN S/S Uitspele (t)<br>Netbal: DSTV o/19 Florida | | Verjaar: C Naudé<br>Orkes Soiree 18:30 – Ouditorium<br>Seunshokkie vs Swartop (w) | A Capella oefening | Verjaar:<br>E van Rooyen<br>Alle punte in (D6)<br>A Capella kamp<br>Laudem Dei JHB koorfees | Netbal: GSN Motsepe uitspele (t)<br>Fietsry: Byeenkoms 2<br>Ruitersport: Byeenkoms 4<br>A Capella kamp<br>Figures Randburg Atrium 13:00-16:00 | Ruitersport: Byeenkoms 4<br>A Capella kamp |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 |
| | | Orkes Soiree 18:30 Ouditorium<br>Dogtershokkie vs Swartkop | Verjaar:<br>M Strachan<br>Emmanuel<br>Rahab Seanego<br>Fotografieklub<br>Punte in by Dept | Verjaar: P Booysen<br>Skool sluit | | |
| 30 | | | | | | |
| | | | | | | |